

Nuus – Nov 2014 (see page 3 for English)

Berekening van Verwagte Kalfdatum

In BenguFarm Nuus 6/2014 van 6 Oktober 2014 is die funksie waarvolgens verwagte kalfdatums bereken kan word in die afwesigheid van dragtigheidsondersoek inligting bekend gestel. Dit het intussen onder ons aandag gekom dat daar 'n problem was met hierdie berekening, wat nou reggestel is.

Ons beveel aan dat jy die nuutste weergawe van die program aflaai en installeer. Gaan na www.beefpro.net/pre-release om die nuutste (20-11-2014) beta-weergawe ("pre-release") van die die BenguFarm sagteware af te laai en te installeer. Nadat jy die opgradering geïnstalleer het, gaan na Lêer > Ondersteuning > Herbereken Opsommende Data.

Opleidingskursus

Die laaste BenguFarm-GAME opleidingskursus vir hierdie jaar vind volgende week plaas:

Module	Tipe kursus	Plek	Datum	Aanbieding in:
GAME	Inleidend	Mokopane (Potgietersrus)	28-29 November	Afrikaans

Indien jy belang stel om hierdie kursus self by te woon of van jou personeellede wil stuur, kontak asseblief Leslie Bergh by 082 801 2026 of leslie.bergh@vodamail.co.za of Naomi Havenga by 082 696 8306 of havenga.naomi@gmail.com. Ons sal vir jou die besprekingsvorm met al die besonderhede (program, inhoud, prys, bankbesonderhede, ens.) van die kursus stuur. Alternatiewelik kan jy die besprekingsvorm aflaai by www.bengufarm.co.za > Training Events > Information.

Beraming van Horingmates vanaf 'n Foto

Neem asseblief kennis van die belangrike aspekte (sien hieronder) wat die akkuraatheid van beramings beïnvloed wanneer jy hierdie funksie gebruik.

Hoe om hierdie funksie te gebruik:

1. Gaan na Ander Data > Dier Pyl Data > Algemeen.
2. In die middel onder-aan die skerm (onder Horing- en Ander Mates), klik op "Foto Maatband".
3. Daar is hele paar aspekte wat 'n rol speel in die akkuraatheid van die "meting". Ons verkies dus om eerder te verwys na "beraming" as "meting", aangesien dit nie 'n eksakte wetenskap nie en die mates wat op hierdie wyse verkry word, nie noodwendig 100% korrek is nie, afhangende van sekere tegniese aspekte – sien hieronder.
4. Aan die bokant van skerm word die belangrikste aspekte met betrekking tot die beraming van mates vanaf fotos uitgelig.
5. Gebruik die Hulp funksie regs bo-aan die skerm om te leer hoe om die skerm te gebruik. In die Hulp funksie se teks word daar ook na aspekte verwys wat die akkuraatheid van beraming kan beïnvloed.

Belangrike aspekte wat die akkuraatheid van beramings beïnvloed:

1. Hoe groter die foto vertoon kan word, hoe beter.
 - 1.1. Indien moontlik, gebruik 'n groot rekenaarskerm (bv. 27") in plaas van 'n klein (bv. 14") skerm wanneer hierdie funksie gebruik word.
 - 1.2. Zoom die foto so groot as moontlik sodat die horing wat gemeet moet word net-net op die skerm inpas. Die foto kan horisontaal en vertikaal geskuif word op die skerm sodat slegs die horings vertoon word.
2. Daar moet 'n voorwerp (bv. 'n oorplaatjie) op die foto wees wat gebruik kan word as skaalvoorwerp. Die foto moet eers gekalibreer word met behulp van die skaalvoorwerp voordat mates op die foto beraam kan word.
3. Vir kalibrering moet jy vooraf presies weet hoe groot die skaalvoorwerp is (bv. 'n oorplaatjie met 'n sirkel op wat 67mm in deursnee is).
4. Die skaalvoorwerp (bv. oorplaatjie) moet reg van voor, d.w.s. teen 'n hoek van 90° ten opsigte van die kamera, afgeneem wees.
 - 4.1. Oorplaatjies met 'n sirkel op, is beskikbaar in die handel (bv. van RFID Experts). Afhangende van die grootte van die plaatjie, het die sirkel 'n sekere deursnee (bv. 67mm). Die deursnee van die sirkel kan dus gebruik word om die foto te kalibreer. Die voordeel van hierdie oorplaatjies is dat, solank die sirkel na die kamera gedraai is met ten minste een vlak teen 90° ten opsigte van die kamera, daar minstens een vlak sal wees waar die deursnee korrek gekalibreer kan word. Indien die plaatjie byvoorbeeld horisontaal gekantel was toe die foto geneem was, kan die vertikale deursnee van die sirkel gebruik word om die foto te kalibreer. Indien die plaatjie vertikaal gekantel was toe die foto geneem was, kan die horisontale deursnee van die sirkel gebruik word.
5. Die horing wat gemeet word moet dieselfde afstand vanaf die kamera wees as die skaalvoorwerp (bv. oorplaatjie). Hoe nader of verder die horing aan die kamera is ten opsigte van die skaalvoorwerp, hoe minder akkuraat sal die kalibrering van die foto wees.
6. Soos met die skaalvoorwerp, moet die horing wat gemeet word, ook teen 'n 90° hoek ten opsigte van die kamera wees. (Vir swartwitpense moet die horing wat gemeet word dus reg van die kant afgeneem wees. Vir buffelhorings se spanwydte moet die buffel reguit na die kamera kyk).
7. Dit is UITERS noodsaaklik om die skaalvoorwerp so akkuraat moontlik met die blou lyn te merk. 'n Fout wat hier gemaak word, sal die beraming van die horinglengte pro rata beïnvloed.
8. Soos met die skaalvoorwerp, is dit noodsaaklik om die horing so akkuraat moontlik (met die rooi lyn) te merk. Waar dit 'n geboë lyn is (bv. swartwitpense se horings) moet die kurwe so akkuraat as moontlik gevolg word.

---OOO---



News – Nov 2014

Calculation of Expected Calving Date

In BenguFarm News 6/2014 of 6 October 2014 the function with which expected calving dates can be calculated in the absence of pregnancy test information was introduced. It has since come to our attention that there was a problem with was this calculation, which has now been corrected.

We strongly recommend that you download and install the latest version of the programme. Go to www.beefpro.net/pre-release and download the latest (20-11-2014) beta version ("pre-release") of the BenguFarm software and install it. When you open the program after updating, go to File > Support > Recalculate Summary Data.

Training Course

The last BenguFarm-GAME training course for this takes place next week:

Focus on Module	Course Type	Place	Date	Presentation in:
GAME	Introductory	Mokopane (Potgietersrus)	28-29 November	Afrikaans

If you are interested to attend this course yourself or to send some of your staff, please contact Leslie Bergh at 082 801 2026 or leslie.bergh@vodamail.co.za or Naomi Havenga at 082 696 8306 or havenga.naomi@gmail.com. We will send you the booking form with all the details (program, content, price, bank details, etc.) of the course. Alternatively you can download the booking form at www.bengufarm.co.za > Training Events > Information.

Estimate Horn Measurements from a Photo

Please take note of the important aspects (listed below) that affect the accuracy of estimates when using this function.

How to use this function:

1. Go to Other Data > Animal Darting Data > General.
2. At the bottom centre of the window (below Horn and Other Measures), click on "Photo Tape".
3. There are several aspects that play a role in the accuracy of the "measurement". We therefore prefer to refer to "estimate" instead of "measurement", as it is not an exact science and the measurements that are obtained in this way is not necessarily 100% correct, depending on certain technical aspects.
4. At the top of window (on the green background) the most important issues related to the estimation of measurements from photographs are highlighted.
5. Use the Help function at the top right of the window to learn how to use the window. In the Help function's text aspects that could influence the accuracy of estimation are also referred to.

Important aspects that affect the accuracy of estimates:

1. The larger the picture can be displayed, the better.
 - 1.1. If possible, use a "big computer screen (e. g. 27") instead of a small (e.g. 14 ") screen when this function is used.
 - 1.2. Zoom the photo as large as possible so that the horn that should be measured just fit on the window. The picture can be moved horizontally and vertically on the window so that only the horns are displayed.
2. There must be an object (e.g. an ear tag) on the photo that can be used as a scale object. The photo must first be calibrated using the scale object before measurements can be estimated on the photo.
3. For calibration you must beforehand know exactly how big the scale object (e.g. an ear tag with a circle on that 67mm wide).
4. The scale object (e.g. ear tag) must be photographed straight from the front, i.e. at an angle of 90° with respect to the camera.
 - 4.1. Ear tags with a circle on it is available (e.g. from RFID Experts). Depending on the size of the tag, the circle has a certain diameter (e.g. 67mm). The diameter of the circle can be used to calibrate the picture. The advantage of these tags is that, as long as the circle is turned towards the camera with at least one level at an angle of 90° with respect to the camera, there will be at least one level where the diameter can be calibrated correctly. If the tag is tilted for example horizontally when the photo was taken, the vertical diameter of the circle can be used to calibrate the picture. If the tag is tilted vertically when the picture was taken, the horizontal diameter of the circle can be used.
5. The horn that should be measured must be the same distance as the scale object (e.g. ear tag) from the camera. The further or nearer the scale object is to the camera in relation to the scale object, the less accurate the calibration of the photo will be.
6. As with the scale object, the horn that should be measured must be at a 90° angle in respect of the camera. (For sables, the horn that should be measured must be photographed from the side. For buffalo horns' spread, the buffalo must face straight to the camera).
7. It is extremely important to mark the scale object as accurate as possible with the blue line. An error that is made here, will pro rata affect the assessment of the horn length.
8. As with the scale object, it is essential to mark the horn as accurately as possible (with the red line). Where it is a curved line (e.g. sable horns), the curve should be followed as accurately as possible.

---000--